# EFÉSIËRS 3:6-12

**TEMA:** **<u>Die verborgenheid is nou bekend</u>**

<u>Oordenking deur</u>: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**<u>SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING</u>: EFESIERS 3: 6-12**

**Efe 3:6 dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie**
**Efe 3:7 waarvan ek ‘n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag.**
**Efe 3:8 Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,**
**Efe 3:9 en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,**
**Efe 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,**
**Efe 3:11 volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,**
**Efe 3:12 in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.**
**Efe 3:13 Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge ter wille van julle nie. Dit is julle eer.**

-o0o-

## 1. BELOFTE

Efe 3:6 dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie

Paulus verduidelik daar is ‘n belofte deur die evangelie, vir die heidene in Christus Jesus. Die belofte is dat ons nou mede-erfgename van Christus Jesus word, deur deel te word van Sy liggaam. Jy kan nie as Bruid erf, as jy nie deel is van Sy liggaam nie. Die Bruid kan alleenlik sê sy is deel van die Bruidegom se huishouding sodra sy in die verbond (covenant) met Hom staan. Slegs wanneer sy met Hom in eenheid saamgevoeg is, is sy (die Bruid) mede-erfgename van Sy liggaam; nie van ‘n kerk organisasie nie, maar deel van die Liggaam van Christus Jesus en mede-deelgenoot aan die beloftes in Christus deur die evangelie. Ons kan nie net in ‘n hoekie wegkruip nie. Dit is nie hoe Christus se lig skyn nie. Sy Lig skyn deur Sy Liggaam, Sy Bruid. Sodra ons nie in ‘n eenheid in die liggaam kan funksioneer nie, het ons moeilikheid. Al die beloftes gaan in Christus Jesus volkome word.
.

## 2. DIENAAR IN CHRISTUS

Efe 3:7 waarvan ek ‘n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag.

Hier is iets baie belangrik waarop ons moet let! Paulus stel dit baie duidelik dat hy Christus Jesus se dienaar is en ‘n mens se pion nie. Hy verstaan die posisie wat Christus Jesus vir hom voorberei het, *waarvan ek ‘n dienaar geword het volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is, ooreenkomstig die werking van sy krag*. Dit is God se krag, die salwing van God se Gees wat in en deur hom werk. ‘n Mens kan niks doen nie as jy nie hierdie plek inneem en die krag en salwing van God se Gees verstaan nie. Die sleutel element waarin al die dinge in posisie kom is *ooreenkomstig die werkinge van sy krag.*

-o0o-

### 3. NOOIT IN MYSELF ROEM NIE

Efe 3:8 Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,

Paulus verwys na homself as "die geringste van al die heiliges". Hier is 'n baie belangrike beginsel: 'n Mens moet nooit van jouself meer dink as wat jy veronderstel is om te dink nie. Moet jouself nooit verhef tot 'n posisie waarin God jou nie geplaas het nie! As Paulus wat die grootste apostel is, wat die meeste boeke in die Nuwe Testament geskryf het, (selfs Petrus het hom gerespekteer), na homself verwys as die *geringste van al die heiliges.* Waar kom ek en jy in?

Paulus beskou dit as genade dat hy, die geringste van alle heiliges, die onnaspeurlike rykdom van die evangelie van Christus aan die wêreld kan verkondig. Ons moet nie hoogmoedig wees nie, maar liefs toelaat dat die Here deur ons verheerlik word. Om Christus aan die heidene te kan verkondig, is geen verpligting, geen las wat op jou druk nie, dit is egter genade wat aan jou toevertrou is. Ons is so bevoorreg om Christus vir die wêreld te kan wees! Ons kan op niks roem nie. Ons moet die woordjie **'ek'** nie eens gebruik nie, want **'ek'** het nog nooit eens bestaan nie. Dit is waarom Paulus sê hy sal in die Here roem. *(2 Kor. 10:18: Maar wie roem, moet in die Here roem).*

Dit wat God deur my doen, het altyd nog daartoe 'n aanloop gehad. Iemand het iets gedoen of gebid, om my te kon plaas in 'n plek waar ek 'n getuie kan wees vir Christus. Want in die eerste plek kan ek absoluut niks self regkry nie. Dit is altyd God wat deur Sy gewillige diensknegte die werk in my lewe doen. Daarom moet ons vir hulle bid wat regtig die evangelie dra, wat aanleiding gegee het dat ek/ons vandag die voorreg geniet om die evangelie te kan ken. En soos Paulus sê, dit altyd as genade beskou om die onnaspeurlike rykdom van Christus te kan verkondig aan die wêreld.

### 4. DIE VERBORGENHEID IS NOU BEKEND

Efe 3:9 en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,
Efe 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,
Efe 3:11 volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,

Hier kom nou iets in wat baie belangrik is. Hy sê dit is om *vir **almal** aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die **verborgenheid** wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus*. So hier is 'n verborgenheid wat deur alle eeue nog toegehou was. Hoekom, en wat is hierdie verborgenheid?

*Vers 10 sodat nou deur die **gemeente,** (*Sy liggaam, Sy Bruid, Sy vrou, Christus se vrou*) aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word.*

***Wat is wysheid?*** Hoe verkry ons wysheid?

- Eerstens moet ons kennis opdoen.
- Die wysheid funksioneer deur mense se lewens wat die salwing dra.
- Wysheid word in ander mense se lewens gesaai deur kennis. Ter verduideliking waarmee ek nou besig is: Dit wat in my lewe funksioneer, word in jou lewe gesaai.
- Dit is dus jou plig om die kennis wat in jou lewe gesaai word, toe te pas sodat jy wysheid mag bekom.

Ek kan nie vir jou wysheid gee nie, ek kan slegs vir jou kennis oordra. Sodra jy toepas wat ek jou leer, gaan jy dit self omskakel in wysheid. Dit is hoekom die Bybel sê as jy wysheid kortkom moet jy dit moet van God bid *(Jak 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word).* Ons moet dus tot die Here bid vir die geleentheid om die kennis wat ons opgedoen het toe te pas, sodat ons wysheid kan bekom.

Byvoorbeeld: As 'n tandarts nog nooit 'n tand getrek het nie dan kon die kennis wat hy op universiteit opgedoen het, nie oorgegaan het in wysheid nie; dit bly egter nog net kop kennis. Maar die oomblik wanneer hy 'n tand trek kan hy sê "nou het ek daardie kennis omgesit in wysheid".

-o0o-

Die Here spreek egter, dat daar dinge is wat al die eeue nog verborge was, wat toegemaak was deur God, maar slegs deur die Liggaam, die Bruid (dis die posisie waar die Bruid inkom) van God bekend gemaak kon word. Hierdie verborgenhede is die krag van God wat oorheersend is oor die magte en die owerhede. Dit was nog altyd toegemaak en sal nou in hierdie dae openbaar word deur Sy liggaam, deur Sy kerk, wat nou besig is om op te staan en sê “ek wil deel wees van Christus. Ek wil my plek inneem; ek wil begin funksioneer, ek wil nie meer net ‘n hoorder van die Woord wees nie, maar nou ‘n dader begin word”. Omdat dit ***nou*** die geval is, dat Sy ware kerk nou besig is om op te staan, sal God Homself nou openbaar.

Ons leef in ‘n baie opwindende tyd omdat God nou hierdie dinge; Sy krag; almag en gesag deur Sy liggaam, Sy kerk gaan openbaar. Dit was altyd nog net tradisies. Toegegee, daar was nog altyd mense wat deel was van Sy kerk maar nou in hierdie dae is God regtig besig die doodsbeendere van Eségiël 37: 1-10 bymekaar te bring, sodat hulle nou kan opstaan as ‘n magtige leër en kan funksioneer as ‘n kragtige weermag; want die Bruid is ‘n “warrior bride” wat verstaan wat geestelike oorlogvoering (warfare) is. Sy weet sy is hier op aarde geplaas om die funksie te verrig wat Christus Jesus vir haar gegee het, want die Bruid vervul die behoefte van die Bruidegom. God gaan Homself bonatuurlik deur Sy liggaam (Bruid) aan die bose openbaar as die God wat nog nooit Sy mag, Sy outoriteit en gesag verloor het nie. Hy bewys deur Sy Liggaam, deur Sy gemeente, deur Sy Bruid, die krag wat God regtig het. Hy wat hemel en aarde geskape het.

-o0o

-o0o-